

Makhathini nuus

23 Junie 2014

Liewe gebedsvriende

Mag die Here u herinner om te bid vir 'n vrugbare tyd in Makhathini soos tydens die Junie skoolvakansie. Die tentveldtog is vanjaar by Bambanana (30 Junie tot 11 Julie).

- 'n groep van die **NGK Constantia Kruin** is hier (28 Junie tot 5 Julie) en beplan om aktief in te skakel by die tentveldtog. Hulle sal ook help met verskeie instandhoudings werk by Jozini.
- 'n groep van **Bloemfontein All Nations gemeente** is hier (5 tot 13 Julie) en beplan om by Ndumu kamp op te slaan, dissipelskap kursusse aan te bied en te help met die bou van 'n evangeliste huis op die kerkperseel.
- 'n Verteenwoordiging van die **KGA (Kommissie Getuienisaksie)** in Kaapstad kom kuier ook tydens die naweek van 4 tot 7 Julie.



Pinksterdienste saam met Bonginkosi (sien foto): Ek en Jeanne was een Saterdag middag tydens pinkster deel van 'n vroe diens op KwaNdaba. Ons het stiptelik 12h30 begin en toe ons 16h30 afsluit, was die ervaring dat die lidmate nog baie vroe het wat leef in die hart. Wel, eintlik was dit maar net ek en Jeanne wat 'n ander afspraak gehad het. Die lidmate het voortgegaan met sang, gebede, getuienisse en boodskappe tot vroe in die oggendure die Sondagoggend.

Vir die interessantheid noem ek van die vroe wat tydens die diens gevra is.

- As heiden familie 'n christen familie kom besoek met lobola onderhandelinge: Is dit geoorloof om te eet van die vleis wat hulle (nie christene) reeds toegewy het aan die voorvaders voor hulle gekom het en nou gebring het om saam feestelik te geniet?
- As 'n kind in 'n familie siek word en die ma van die kind is 'n christen, maar die pa van die kind en sy familie eis dat hulle die kind na die sangoma neem, wat staan sy as christen te doen?
- As 'n ander persoon in die gemeente onophoudelik onwaarhede agter jou rug versprei, wat staan jou te doen?
- By een van die begrafnisse het 'n vrou vanuit 'n ander gemeente gesê dat sy sien dat die oorledene die hemelpoorte ingaan. Hoekom kan hulle dan nie sulke goed sien en ervaar nie?
- Wat beteken die kruisiging en die opstanding van Jesus Christus in die praktyk van ons lewens vandag?
- Baie christene getuig dat die heidene voorspoed geniet, maar hul as christene kry swaar. Is dit dalk omdat die voorvadergeeste vir hulle as christene kwaads is?
- Die praktyk is dat as die man van 'n familie dood is en dit gaan sleg in daardie huisgesin, dat 'n sangoma gewoonlik geraadpleeg word. Die sangoma sal dan sê wat geoffer moet word sodat die geeste weer gelukkig kan wees en die problem kan stop. Wat moet 'n christen se gesindheid ten opsigte hiervan wees?

Vir beide my en Jeanne was dit so 'n seën om te sien hoe goed Bonginkosi die Woord ken en die lidmate onderrig vanuit die Woord. En so ook, was dit 'n openbaring vir ons om die geestelike diepte te hoor vanuit die harte van die lidmate. Ons was so verkwik in ons harte en het toe ons daar wegry vir mekaar gesê "dit was een van die hoogtepunte in ons bediening in Makhathini". Daar was gemeentes wat spesifiek vir ons gebid het tydens pinkster – 'n mooi vrug op die gebede!!

Baie dankie vir al die gebede vir Makhathini

Louwrens en Jeanne van der Westhuizen